REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper*

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

VOL. 422

CAPE TOWN, 2 AUGUST 2000

KAAPSTAD, 2 AUGUSTUS 2000

No. 21430

THE PRESIDENCY

No. 768. 2 August 2000

It is hereby notified that the President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 28 of 2000: Identification Amendment Act, 2000.

DIE PRESIDENSIE

No. 768. 2 Augustus 2000

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 28 van 2000: Wysigingswet op Identifikasie, 2000.

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

__________ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 26 July 2000.)*

# ACT

**To amend the Identification Act, 1997, so as to substitute the definition of identity card and to provide for the cessation of the validity of all forms of identity documents other than the green, bar-coded identity documents; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows—

**Amendment of section 1 of Act 68 of 1997**

**1.** Section 1 of the Identification Act, 1997 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for the definition of "identity card" of the following definition:

" 'identity card' means the identity card referred to in section 14 **[and, unless clearly inconsistent with the provisions of this Act, includes an identity document referred to in section 25(1) or (2)]**;".

**Substitution of section 25 of Act 68 of 1997**

**2.** The following section is hereby substituted for section 25 of the principal Act:

**"Transitional arrangements**

**25.** (1) Until a date determined by the Minister by notice in the *Gazette* the Director-General shall continue to issue the green, bar-coded identity documents in accordance with the Identification Act, 1986 (Act No. 72 of 1986), despite the repeal of that Act by section 24.

(2) Any green, bar-coded identity document issued in accordance with the Identification Act, 1986, shall remain valid until it is replaced by an identity card issued in terms of section 14 or until a date contemplated in subsection (4), whichever is the sooner.

(3) As from the date of commencement of the Identification Amendment Act, 2000, all forms of identity documents other than the green, bar-coded identity documents issued in accordance with the Identification Act, 1986, will cease to be valid.

(4) The Minister may by notice in the *Gazette* fix a date for the replacement of green, bar-coded identity documents referred to in subsection (2) and may make regulations regarding such replacement.".

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

________ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 26 Julie 2000.)*

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Identifikasie, 1997, ten einde die omskrywing van identiteitskaart te vervang en voorsiening te maak vir die beëindiging van die geldigheid van identiteitsdokumente van elke vorm behalwe die groen identiteitsdokumente met die staafkode; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 68 van 1997**

**1.** Artikel 1 van die Wet op Identifikasie, 1997 (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur die vervanging van die omskrywing van "identiteitskaart" deur die volgende omskrywing:

" 'identiteitskaart' die identiteitskaart bedoel in artikel 14 **[en, tensy duidelik onbestaanbaar met die bepalings van hierdie Wet, sluit dit 'n identiteitsdokument bedoel in artikel 25(1) of (2) in]**;".

**Vervanging van artikel 25 van Wet 68 van 1997**

**2.** Artikel 25 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

**"Oorgangsbepalings**

**25.** (1) Tot op 'n datum deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal, gaan die Direkteur-generaal voort om die groen identiteitsdokumente met die staafkode uit te reik ooreenkomstig die Wet op Identifikasie, 1986 (Wet No. 72 van 1986), ondanks die herroeping van daardie Wet deur artikel 24.

(2) Enige groen identiteitsdokument met die staafkode wat ooreenkomstig die Wet op Identifikasie, 1986, uitgereik is, bly geldig totdat dit vervang is deur 'n identiteitskaart wat ingevolge artikel 14 uitgereik is of tot op 'n datum in subartikel 4 beoog, watter ook al die vroegste is.

(3) Vanaf die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet op Identifikasie, 2000, sal identiteitsdokumente van elke vorm behalwe die groen identiteitsdokumente met die staafkode wat ooreenkomstig die Wet op Identifikasie, 1986, uitgereik is, ophou om geldig te wees.

(4) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* 'n datum vir die vervanging van die groen identiteitsdokumente met die staafkode bedoel in subartikel (2) bepaal en kan regulasies met betrekking tot sodanige vervanging uitvaardig.".

**Short title and commencement**

**3.** This Act is called the Identification Amendment Act, 2000, and comes into operation on a date fixed by the President by proclamation in the *Gazette*.

### Kort titel en inwerkingtreding

**3.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Identifikasie, 2000, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

PRINTED BY CREDA COMMUNICATIONS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—6000
GEDRUK DEUR CREDA COMMUNICATIONS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—6000